# KINDERKERK LES: Hemelvaart

**Doel van les:**

- Om aan die kinders te verduidelik wat gebeur het met hemelvaart en dat Jesus wil hê ons moet ander van Hom vertel.

**Ysbreker: Vertel**: Laat kinders in hulle groepe sit en vertel van iets goeds wat die week met hulle gebeur het of iets wat dalk binnekort gebeur soos bv partytjie, vakansie ens waaroor hulle baie opgewonde is.

**Vra:** Kan julle onthou wat ons Paasnaweek gevier het? (Jesus het gesterf aan die kruis en op die derde dag het ons onthou hoe Hy opgestaan het uit die dood.) Môre onthou kinders van Jesus nog 'n spesiale dag. Wie weet wat dit kan wees? Dis hemelvaartdag. Wie dink hulle weet wat hemelvaartdag beteken?

Hemelvaartdag gebeur op die Donderdag 40 dae na Paasfees.

Vir 40 dae nadat Jesus uit die dood opgestaan het, het Hy aan Sy vriende verskyn en met hulle gesels oor sekere dinge. Maar nou moes Jesus teruggaan om op die belangrikste plek in die hemel langs God te gaan sit. Kom ons luister na die hele storie.

**Storietyd en illustrasie: Jesus gaan hemel toe – Handelinge 1:1-11**

Kry 'n skuifspeld (paperclip) en ook 'n rubber rekkie wat jy deursny dat dit nou een lank stuk is. Hou dit naby, want jy gaan dit tydens die Bybelverhaal gebruik.

Jesus is die Seun van God. Hy is almagtig. Satan kon Hom nie oorwin nie. Die dood kon Hom nie in die graf hou nie. Hy het uit die graf opgestaan.

Die dissipels was baie bly om Jesus weer te sien. Hy het baie met hulle gepraat. Hy het vir hulle van die liefde van God die Vader vertel.

Op 'n dag sê Hy vir hulle: "Nou moet Ek na my Vader teruggaan. Maar julle sal nie alleen wees nie. Die Heilige Gees sal in julle kom bly. Hy sal julle leer wat om te sê en wat om te doen. Maar julle moet eers 'n rukkie in Jerusalem wag. God sal die Heilige Gees na julle toe stuur. Dan moet julle vir die mense vertel Ek is die Verlosser van sonde."

Nadat Jesus dit gesê het, gaan Hy en Sy dissipels na die Olyfberg. Op die berg gaan hulle staan. Jesus kyk vriendelik na Sy dissipels en sê: "Dit is nou tyd vir My om hemel toe te gaan."

Net toe Jesus dit gesê het, kom daar 'n wolk en Jesus gaan daarin hemel toe. **(Tyd vir die illustrasie. Ryg die rekkie deur een van die "loops" van die skuifspeld en hou die een punt van die rekkie in jou linkerhand en die ander een in jou regterhand. Die skuifspeld hang nou van die rekkie af. Lig nou jou een hand dat die rekkie nie meer 'n reguit lyn is nie, en laat die skuifspeld afskuif. Sonder dat die kinders sien, sorg dat jy meer van die rekkie in die hand wat laer is vashou. Jy gaan dit nou laat lyk asof die skuifspeld teen die rekkie opklim, deur die rekkie in die hand wat laer is, bietjie vir bietjie tussen jou vingers te laat deurgly. Dit gaan lyk asof die skuifspeld beweeg, maar eintlik is dit jy wat net die rekkie tussen jou vingers ryg. Stop voordat jy nie meer rekkie in jou hand het nie. Jy beheer hoe vinnig of stadig die skuifspeld "klim".)** Die dissipels kyk en kyk. Hulle kan Jesus glad nie meer sien nie.

Skielik kom daar twee engele. Hulle sê vir die dissipels: "Waarom staan julle so en kyk? Jesus het na die hemel gegaan, maar eendag sal Hy weer kom."

**Verhaal geneem uit Ons eie Kleuterbybel, bl140, Juliana Nothnagel, Johann Strauss**

**Illustrasie:** gaan kyk by die volgende skakel **-** https://www.youtube.com/watch?v=IpfGD0SId4E

**Vra:** Wat dink julle sou julle gedoen het as julle Jesus so gesien opgaan het in die wolke hemel toe? Sou julle iemand gaan vertel het?

**Sê:** Jesus het vir Sy vriende daar op die berg en ook vir ons wat Sy kinders is 'n groot werk gegee. Hy het gesê dat ons vir ander moet vertel van Hom. By die skool, by die huis, vir jou vriende en familie en sommer vir almal.

Ons moet net so opgewonde wees om oor Jesus te praat met ander soos wat ons vanaand was om te praat oor ons goeie nuus of dit waarna ons uitsien. Kom ons oefen dit bietjie.

**Speletjie: Musical handshake:** Speel musiek en laat die kinders in die vertrek rondloop en mekaar se hande skud. Wanneer die musiek stop, moet hulle vir die een met wie hulle handskud een van die volgende dinge sê:

- **Môre is hemelvaartdag;**
- **Jesus kom weer;**
- **Jesus het jou lief;**
- **Jesus leef;**
- **Gaan vertel iemand van Jesus**

Sluit af met gebed.